

23 miljoen skade-eis teen buurman vir 'n weghol-veldbrand

Vrydag, Mei 18th, 2018

Deur Sanette Viljoen

In die onlangse saak *MTO Forestry v Swart (420/2016) [2017] ZASCA 57* het die grondeienaar, wie se plantasie afgebrand het nadat 'n brand vanaf sy buurman se grond versprei het en sy hele plantasie vernietig het, 'n eis ingestel. Die brand het ontstaan op 'n gedeelte van die buurman se grond wat bedek was met digte uitheemse bosse wat hoogs vlambaar van aard was. Die brand het ook vinnig versprei aangesien 'n sterk wind gewaai het. As gevolg van die groot skade wat die eienaar gely het, het hy 'n eis van R23 miljoen teen sy buurman ingestel. Die hof het sy eis verwerp en die grondeienaar het geappelleer.



Die appèlhof het die volgende elemente apart ondersoek:

– Die eerste element waarna die hof gekyk het, was die gedrag of handeling van die buurman. Die grondeienaar het die hof gevra om nie die buurman verantwoordelik te hou vir die begin van die brand nie, maar wel vir die feit dat hy die skade moes kon voorsien het en nie betyds daarop gereageer het nie.

Die hof het gekyk na die buurman se optrede en vasgestel dat die buurman heelwat voorsorgmaatreëls teen brand op sy plaas in plek gehad het; hy het dadelik gereageer op die brand; hy het ook dadelik sy gekontrakteerde brandweermanne geskakel om te kom help en het ook nie gefaal in sy plig om so gou as moontlik te reageer nie.

– Die tweede element wat die hof aangespreek het, was die element van onregmatigheid. By oorweging van hierdie element word alle omstandighede in ag geneem om te bepaal of die buurman verkeerd opgetree het en of hy anders opgetree het as wat die redelike boer in daardie omstandighede sou optree.

Die hof het hier daarop klem geplaas daarop dat die buurman dadelik op die brand gereageer het en ook die brand probeer keer het. Die feit dat die veld droog was en daar 'n wind gewaai het, is omstandighede wat die brandverspreiding vererger het. Dat die buurman moes voorsien het dat hy vlambare plante het wat die brand kon vererger, kon volgens die hof egter nie hier vir onregmatigheid in aanmerking geneem word nie. Die hof het beklemtoon dat voorsienbaarheid van skade wat kan intree, nie 'n element is om onregmatigheid te bewys nie.

– Die volgende element was die element van skuld, opset of nalatigheid ten opsigte van skade wat die grondeienaar gely het. Hierdie skade was volgens die hof duidelik en hoef nie bewys te word nie. Die grondeienaar het dit reeds bewys deur sy plantasie wat afgebrand is en baie groot verlies wat gely is. Die R23 miljoen was dus die regte eis vir die waarde van die plantasie .

Die hof het ten opsigte van die skuld-element gesê daar moet gekyk word of hierdie brand eerstens opsetlik deur die buurman begin is. Dit was beslis nie so nie. Die buurman het onmiddellik gereageer. Omstandighede buite sy beheer het die brand versprei ten spyte van brandweerspanne wat probeer help het.

– Die element van nalatigheid: Indien die buurman wel sy vlambare uitheemse plante verwyder het, kon dit toekomstige verspreiding voorkom het. Was hy nalatig om nie al daardie vlambare uitheemse plante te verwyder nie, omdat daar 'n moontlikheid was dat dit vinnig kon brand? Die hof sê nee. Dit sou die verspreiding heel waarskynlik nie so vinnig gemaak het nie, maar sy versuim om dit te verwyder dui nie

op nalatigheid nie. Wat wel nalatig sou wees, is as hy nie genoeg redelike voorsorgmaatreëls in plek gestel het nie wat die redelike boer ook sou doen in dieselfde omstandighede om brande te probeer voorkom en so gou as moontlik te probeer blus. Die hof sê dit het hy behoorlik gedoen.

Wat wel belangrik is vir alle boere is dat die hof aangevoer het dat daar nie 'n plig op jou is om te waarborg dat 'n brand nie na jou grond sal versprei nie; daar is slegs 'n plig op hom om redelike voorsorgmaatreëls te tref om so moontlike brand te probeer voorkom.

- Die laaste element ter oorweging is die element van kousaliteit. Dit verwys na die verband tussen die gedrag van die buurman en die uiteindelijke skade wat gelei is. Is daar 'n kousale lyn wat getrek kan word? Die buurman het onmiddellik gereageer en probeer keer. Dis nie sy reaksie wat gelei het tot die brand se verspreiding nie. Daar is dus geen kousale verband nie.

Na oorweging van al die omstandighede en al die vereistes het die appèlhof die eis van die hand gewys en die hof het gesê alhoewel die buurman vlambare uitheemse plante op sy grond gehad het, sy optrede steeds van so 'n aard was dat hy nie gekritiseer kan word nie en dat hy alles gedoen het om die brand te probeer keer.

Hierdie saak lig die belangrikheid uit van die nodige voorsorgmaatreëls wat teen brande getref moet word. Indien hierdie boer nie die nodige voorsorgmaatreëls getref het nie, sou die eis hom sy hele boerdery gekos het. Dit is ook belangrik om jou werknemers in hierdie verband op te lei, want die meeste brande ontstaan uit 'n onskuldige vuurtjie om 'n potjie pap gaar te maak.

<https://regsdienste.solidariteit.co.za/r23-miljoen-skade-eis-teen-buurman-vir-n-weghol-veldbrand/>